



Verwysing: 20201126-9904
Navrae: BK Schreuder

Beste NSS-kandidate vir 2020

Ek is bewus van die aankondiging deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) dat enkele van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamens se vraestelle na bewering uitgelek het.

As kandidaat, plaas dit soveel meer spanning op julle skouers.

Dit is nog nie duidelik wat die bron van die lekkasie is nie. Die DBO en die Valke beskou dit as 'n dringende saak en ondersoek dit.

Daar is tans geen aanduiding of enige vraestelle oorgeskryf moet word nie, en indien wel, of dit in sekere beperkte gebiede of eksamensentrums, distrikte of provinsies sal moet plaasvind nie.

In afwagting op inligting in hierdie verband, raai ek julle aan om kalm te bly. Konsentreer op die vraestelle wat julle nog moet skryf, gee aandag, en doen alles in julle vermoëns om op die inhoud van dáárdie vraestelle te konsentreer. Elke eksamenvraestel tel. Elke punt tel.

Ek wil julle ook die versekering gee dat die owerhede, ingeslote UMALUSI, die raad vir gehalteversekering in algemene en verdere onderwys en opleiding, sal toesien dat die NSS-uitslae op die ou end geloofwaardig sal wees.

As, en slegs ás, dit nodig word dat julle 'n vraestel moet oorskryf, soos in mediaverslae aan die hand gedoen word, wil ek julle verseker dat dit dieselfde standaard as die eerste een sal wees en dat julle betyds ingelig sal word sodat julle daarvoor kan voorberei.

Indien dit gebeur, kan julle bemoedig voel omdag julle reeds so 'n uitgebreide eksamen geskryf het, en dit kan julle tot voordeel strek omdat julle reeds weet wat om te verwag.

Moet julle asseblief intussen nie bekommer oor die berigte oor die lekkasies en moontlike herskrywings nie. Moenie dat dit julle aandag aftrek nie. Ons sal inligting met julle deel sodra dit vrygestel word.

Kom asseblief met ons Veilige Skole se tolvrye nommer by 0800 45 46 47 in aanraking indien julle met opgeleide professionele mense wil gesels oor julle angs of spanning.

Julle en hierdie eksamens geniet nou ons voorkeur. Bly kalm en alles van die beste vir julle oorblywende eksamens.

Beste wense

A handwritten signature in black ink that reads "BK Schreuder". The signature is written in a cursive style and is positioned above a short horizontal line.

BK SCHREUDER

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 25 November 2020